(5) The Board may cancel the registration of any person registered as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer, if he contravenes or fails to comply with any requirement so prescribed, or with any condition so determined, or with any provision of this Ordinance or with any prohibition, requirement or order issued thereunder, and whenever the Board has cancelled the registration of any person, the certificate of registration issued to such person in terms of sub-section (6) shall be returned to the Board within fourteen days from the date of cancellation of such registration.

(6) Whenever the Board has approved of the registration of any person as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer, the Board shall issue a certificate of registration to such person specifying the product in respect of which he is so registered, stating the conditions, if any, laid down by the Board under which the certificate is so issued, and indicating the premises where the product so specified shall be produced, processed or manufactured.

(7) A certificate of registration issued under this section, together with all privileges conferred by this Ordinance in respect of registration, shall expire on the thirtieth day of September next succeeding the date of issue, but may on application be renewed by the Board if it is satisfied that the requirements of this Ordinance have been and are being complied with by the holder of such certificate.

(2) Die raad is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade wat enigiemand gely het weens die uitoefening of verrigting te goeder trou deur die raad of 'n komitee daarvan of 'n beampte of agent van die raad van enige bevoegdheid of funksie of plig wat by hierdie ordonnansie aan die raad verleen of opgelê is nie.

25. (1) Met ingang van die datum waarop hierdie ordonnansie in werking tree, mag niemand enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat produseer, verwerk, vervaardig of laat produseer, verwerk of vervaardig nie tensy hy deur die raad geregistreer is as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate, na gelang, vir die produksie, verwerking of vervaardiging van die betrokke suiwelproduk of suiwelsurrogaat: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is op —

(a) enige melkprodusent wat melk of room of kaseïen bestem vir verkoop aan 'n vervaardiger van suiwelprodukte produseer nie; of

(b) enigiemand wat 'n suiwelproduk of suiwelsurrogaat uitsluitlik vir eie verbruik of vir dié van lede van sy onmiddellike huishouding produseer, verwerk of vervaardig; of

(c) enige kafee, teekamer, koffiekamer, restourant, bruisbron, eethuis, losieshuis of hotel wat op sy perseel enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat produseer, verwerk of vervaardig uitsluitlik vir verbruik op sodanige perseel nie.

(2) Enigiemand kan skriftelik by die raad aansoek doen om registrasie as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate, na gelang, ten opsigte van die produk of produkte wat in sodanige aansoek aangedui word, en elk so iemand moet aan die raad sodanige inligting verskaf in sodanige vorm soos die raad nodig ag ter oorweging van sodanige aansoek.

(3) Die raad kan die registrasie van enige so iemand goedkeur op die voorwaardes wat die raad bepaal en onderhewig aan die vereistes wat die raad stel, of die raad kan sodanige registrasie weier.

(4) By enige ander voorwaardes wat die raad ingevolge subartikel (3) kan bepaal, kan hy voorwaardes bepaal wat die maksimum of die minimum hoeveelheid voorskryf van enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat enigiemand geregistreer as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate, na gelang, kan produseer, verwerk of vervaardig.

(5) Die raad kan die registrasie van enigiemand wat as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate geregistreer is, intrek as die vervaardiger 'n aldus gestelde vereiste of 'n aldus bepaalde voorwaarde of 'n bepaling van hierdie ordonnansie of enige verbod, vereiste of bevel daarkragtens uitgevaardig, gestel of uitgereik, oortree of versuim om daaraan te voldoen, en wanneer die raad iemand se registrasie ingetrek het, moet die registrasiesertifikaat wat ingevolge subartikel (6) aan so iemand uitgereik is, binne veertien dae na die datum van intrekking van sodanige registrasie aan die raad terugbesorg word.

(6) Wanneer die raad iemand se registrasie as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate goedgekeur het, moet die raad aan so iemand 'n registrasiesertifikaat uitreik waarin die produk ten opsigte waarvan hy aldus geregistreer is, die voorwaardes (as daar is) wat die raad stel en waarop die sertifikaat aldus uitgereik word, en die perseel waarop die aldus genoemde produk geproduseer, verwerk of vervaardig moet word, vermeld word.

(7) 'n Registrasiesertifikaat uitgereik ingevolge hierdie artikel tesame met al die voorregte ten opsigte van registrasie wat by hierdie ordonnansie verleen word, verstryk op die dertigste dag van September wat volg op die datum van uitreiking, maar die raad kan dit op aansoek hernieu by oortuiging dat die vereistes van hierdie ordonnansie deur die houer van sodanige sertifikaat nagekom is en word.

(8) Any person whose application in terms of this section has been refused or whose registration has been cancelled by the Board may, within thirty days of such refusal or cancellation, appeal in writing to the Administrator, and the Administrator, after consultation with the Board, may allow or dismiss such appeal or make such order as he may deem fit.

(9) The Board may determine a fee which shall be paid to the Board in respect of each application for registration as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer, or each application for renewal of a certificate of registration, in order to cover the reasonable expenditure to which the Board may be put in connection with the consideration of such application: Provided that such fee shall not exceed twenty rand (R 20.00) in respect of each product specified in such application.

(10) The Board may direct any person who is so registered as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer to furnish the Board with such information and to render such returns in such form and within such period as the Board may require in regard to the product or products produced, processed, manufactured, purchased or sold by him, and any other information which is in the opinion of the Board necessary to enable it to carry out its functions.

(11) No person registered as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer shall, on the premises in respect of which he is so registered, produce, process or manufacture or without the written permission of the Board deal in the course of trade with any dairy product or dairy product substitute other than that stated in such certificate of registration.

(12) No dairy products manufacturer or dairy produce substitute manufacturer shall without the written permission of the Board, on the premises in respect of which he is so registered, produce, process or manufacture, or deal in the course of trade with any product, commodity or article other than a dairy product or dairy product substitute.

(13) Notwithstanding any provision of this Ordinance, whenever the Board has in terms of sub-section (10) directed a dairy products manufacturer or a dairy produce substitute manufacturer to render a return to the Board and such dairy products manufacturer or dairy produce substitute manufacturer without reasonable cause fails to render such return on the date prescribed by the Board, the Board may charge a fee not exceeding one rand (R 1.00) for any day or part of day that such return is not so rendered to the Board.

26. (1) Notwithstanding any provision of this Ordinance, the Administrator may, on the recommendation of the Board, by proclamation in the *Official Gazette*, prohibit the registration of any other dairy products manufacturer or dairy produce substitute manufacturer in any place, area or district if there are, in his opinion, already sufficient of such manufacturers in that place, area or district.

(2) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, the Administrator may, on the recommendation of the Board, by proclamation in the *Official Gazete* prohibit the production, processing or manufacture of any dairy product or dairy produce substitute in the Territory.

(3) If any person is in the possession of any dairy product or dairy produce substitue, the production, processing or manufacture of which is prohibited in the Territory in terms of this section, the onus shall be on such person to prove that such product was not produced, processed or manufactured in the Territory, or was produced, processed or manufactured in the Territory when the production, processing or manufacture of such product was not so prohibited in the Territory.

27. (1) Whenever the Board in terms of section *ten* imposes an administrative fee, the Board may differentiate in such fee according to the nature or type or quality or treatment or quantity or weight of the dairy product or dairy produce substitute produced, processed or manufac-

(8) Elkeen wie se aansoek ingevolge hierdie artikel geweier is of wie se registrasie deur die raad ingetrek is, kan binne dertig dae na sodanige weiering of intrekking skriftelik by die Administrateur appèl aanteken, en die Administrateur kan, na oorleg met die raad, sodanige appèl toestaan of afwys of sodanige lasgewing uitreik soos hy goedvind.

(9) Die raad kan 'n geld bepaal wat aan hom betaal moet word ten opsigte van elke aansoek om registrasie as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate, of ten opsigte van elke aansoek om hernuwing van 'n registrasiesertifikaat ter dekking van die redelike uitgawes wat die raad moontlik moet aangaan in verband met die oorweging van sodanige aansoek: Met dien verstande dat so 'n geld hoogstens twintig rand (R20.00) mag bedra ten opsigte van elke produk wat in so 'n aansoek genoem word.

(10) Die raad kan enigiemand wat aldus geregistreer is as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate gelas om die inligting aan die raad te verskaf en die opgawes in te dien in die vorm en binne die tydperk wat die raad vereis ten opsigte van die produk of produkte wat so iemand produseer, verwerk, vervaardig, koop of verkoop, asook enige ander inligting wat, na die raad meen, nodig is om die raad in staat te stel om sy werksaamhede te verrig.

(11) Niemand wat as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate geregistreer is, mag op die perseel ten opsigte waarvan hy aldus geregistreer is, enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat buiten dié wat in sodanige registrasiesertifikaat genoem word, produseer, verwerk of vervaardig of sonder die skriftelike toestemming van die raad in die loop van die handel daarmee te doen hê nie.

(12) Geen vervaardiger van suiwelprodukte of vervaardiger van suiwelsurrogate mag sonder die skriftelike toestemming van die raad op die perseel ten opsigte waarvan hy aldus geregistreer is, enige produk, handelsware of artikel buiten 'n suiwelproduk of suiwelsurrogaat produseer, verwerk of vervaardig of in die loop van die handel daarmee te doen hê nie.

(13) Nieteenstaande enige bepalings van hierdie ordonnansie kan die raad wanneer ook al hy ingevolge subartikel (10) 'n vervaardiger van suiwelprodukte of 'n vervaardiger van suiwelsurrogate aangesê het om 'n opgaaf aan die raad te verstrek en sodanige vervaardiger van suiwelprodukte of vervaardiger van suiwelsurrogate sonder redelike oorsaak versuim om sodanige opgaaf op die datum wat die raad voorgeskryf het, te verstrek, gelde hef teen hoogstens een rand (R1.00) vir elke dag of deel van 'n dag waarop die versuim om so 'n opgaaf aan die raad te verstrek, voortduur.

26. (1) Nieteenstaande die bepalings van hierdie ordonnansie kan die Administrateur op aanbeveling van die raad by proklamasie in die *Offisiële Koerant* die registrasie van enige ander vervaardiger van suiwelprodukte of vervaardiger van suiwelsurrogate op enige plek of in enige streek of distrik verbied as daar syns insiens reeds genoeg sodanige vervaardigers op daardie plek of in daardie streek of distrik is.

(2) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie kan die Administrateur op aanbeveling van die raad by proklamasie in die *Offisiële Koerant* die produksie, verwerking of vervaardiging van enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat in die Gebied verbied.

(3) As enigiemand in besit is van 'n suiwelproduk of 'n suiwelsurrogaat waarvan die produksie, verwerking of vervaardiging ingevolge hierdie artikel in die Gebied verbied is, rus die bewyslas op so iemand om te bewys dat sodanige produk nie in die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is nie, of in die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is toe die produksie, verwerking of vervaardiging van sodanige produk nie aldus in die Gebied verbode was nie.

27. (1) Wanneer die raad ingevolge artikel *tien* 'n administratiewe geld hef, kan die raad by sodanige heffing onderskei volgens die aard of tipe of gehalte of behandeling of hoeveelheid of gewig van die suiwelproduk of suiwelsurrogaat geproduseer, verwerk of vervaardig

tured by the person registered as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer as the case may be in terms of this Ordinance, and may also differentiate in such fee according to the place, area or district in which such product is produced, processed or manufactured.

(2) Any administrative fee so imposed shall not exceed fifty rand (R 50.00), and shall be payable to the Board in respect of each issue or each renewal of a certificate of registration in terms of section *twenty-five*.

(3) Any administrative fee imposed by the Board shall be published by notice in the *Official Gazette* and shall be paid in the manner prescribed in such notice.

28. (1) As from the date of coming into operation of this Ordinance, no premises shall be used for the production, processing or manufacture of any dairy product or dairy produce substitute, unless —

(a) the owner of such premises has been registered by the Board in terms of this Ordinance as a dairy products manufacturer or as a dairy produce substitute manufacturer, as the case may be, for the manufacture of the dairy product or dairy produce substitute so produced, processed or manufactured;

(b) such premises have been registered by the Director of Agriculture in the manner prescribed as a dairy products factory, or as a dairy produce substitute factory as the case may be, for the manufacture of the dairy product or dairy produce substitute so produced, processed or manufactured:

Provided that the provisions of this section shall not apply to —

(i) premises used by any milk producer for the production of milk, cream or farm casein which is intended for sale to a dairy products manufacturer; or

(ii) premises used by any person for the production, processing or manufacture of any dairy product or dairy produce substitute for the sole purpose of consumption by himself or members of his immediate household; or

(iii) premises used as a cafe, tearoom, coffeeroom, restaurant, soda fountain, eating house, boarding house or hotel which produces, processes or manufactures on its premises any dairy product or dairy produce substitute for the sole purpose of consumption on such premises.

(2) No product other than that in respect of which the premises are so registered shall be produced, processed or manufactured on such premises.

(3) No premises shall be registered as a dairy products factory, or as a dairy produce substitute factory, unless they comply with such requirements as may be prescribed.

(4) No premises registered as a creamery shall be registered as a process butter factory, and no premises registered as a process butter factory shall be registered as a creamery.

(5) The Administrator, if satisfied that the requirements of this Ordinance in respect of such premises have been and are being complied with, shall, through the Director of Agriculture, issue a certificate of registration of such premises: Provided that a separate certificate of registration shall be issued in respect of each different dairy product or dairy product substitute produced, processed of manufactured on such premises.

(6) Each certificate of registration so issued, shall bear the destinctive registration number alloted to such premises in respect of the product specified, as provided under section *thirty*.

(7) Each certificate of registration issued under this section, together with all privileges conferred by this Ordinance in respect of registration, shall expire on the thirtieth day of September next succeeding the date of issue, but may on application be renewed if the Administrator is satisfied that the requirements of this Ordi-

deur die persoon wat ingevolge hierdie ordonnansie geregistreer is as vervaardiger van suiwelprodukte of as vervaardiger van suiwelsurrogate, na gelang, en kan die raad ook by sodanige heffing onderskei volgens die plek, streek of distrik waarop of waarin sodanige produk geproduseer, verwerk of vervaardig is.

(2) Enige aldus gehefte administratiewe geld mag hoogstens vyftig rand (R50.00) bedra en is aan die raad betaalbaar ten opsigte van elke uitreiking of elke hernuwing van 'n registrasiesertifikaat ingevolge artikel *vyf-en-twintig*.

(3) Elke administratiewe geld wat die raad hef, moet by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* gepubliseer word en moet betaal word op die wyse wat in sodanige kennisgewing voorgeskryf word.

28. (1) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie ordonnansie mag geen perseel gebruik word vir die produksie, verwerking of vervaardiging van enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat nie, tensy —

(a) die eienaar van sodanige perseel ingevolge hierdie ordonnansie deur die raad geregistreer is as 'n vervaardiger van suiwelprodukte of 'n vervaardiger van suiwelsurrogate, na gelang, vir die vervaardiging van die suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat aldus geproduseer, verwerk of vervaardig word;

(b) sodanige perseel deur die Direkteur van Landbou op die voorgeskrewe wyse geregistreer is as 'n suiwelfabriek of 'n suiwelsurrogaatfabriek, na gelang, vir die vervaardiging van die suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat aldus geproduseer, verwerk of vervaardig word:

Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is nie op —

(i) 'n perseel wat deur enige melkprodusent gebruik word vir die produksie van melk, room of plaaskaseïen wat bestem is vir verkoop aan 'n vervaardiger van suiwelprodukte; of

(ii) 'n perseel wat deur enigiemand gebruik word vir die produksie, verwerking of vervaardiging van enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat uitsluitlik vir eie verbruik of vir dié van lede van sy onmiddellike huishouding; of

(iii) 'n perseel wat gebruik word as 'n kafee, teekamer, koffiekamer, restourant, bruisbron, eethuis, losieshuis of hotel wat op sy perseel enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat uitsluitlik vir verbruik op sodanige perseel produseer, verwerk of vervaardig.

(2) Geen produk buiten dié ten opsigte waarvan 'n perseel aldus geregistreer is, mag op sodanige perseel geproduseer, verwerk of vervaardig word nie.

(3) Geen perseel mag geregistreer word as 'n suiwelfabriek of as 'n suiwelsurrogaatfabriek nie tensy dit voldoen aan die vereistes wat voorgeskryf word.

(4) Geen perseel wat as 'n botterfabriek geregistreer is, mag as 'n prosesbotterfabriek geregistreer word nie, en geen perseel wat geregistreer is as 'n prosesbotterfabriek mag as 'n botterfabriek geregistreer word nie.

(5) By oortuiging dat die vereistes van hierdie ordonnansie ten opsigte van sodanige persele nagekom is of word, reik die Administrateur deur middel van die Direkteur van Landbou 'n registrasiesertifikaat ten opsigte van sodanige perseel uit: Met dien verstande dat 'n afsonderlike registrasiesertifikaat uitgereik moet word ten opsigte van elke verskillende suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat op sodanige perseel geproduseer, verwerk of vervaardig word.

(6) Elke aldus uitgereikte registrasiesertifikaat moet die onderskeidende registrasienommer wat aan sodanige perseel toegeken is ten opsigte van die genoemde produk, soos bepaal by artikel *dertig*, dra.

(7) Elke registrasiesertifikaat wat ingevolge hierdie artikel uitgereik is, tesame met al die voorregte wat by hierdie ordonnansie ten opsigte van registrasie verleen word, verstryk op die dertigste dag van September wat volg op die datum van uitreiking, maar kan op aansoek hernieu word as die Administrateur oortuig is dat die

nance, have been and are being complied with in respect of such premises.

(8) Application for the renewal of a certificate of registration shall be made within the period of thirty days immediately preceding the date of expiry thereof and shall be accompanied by any renewal fee that may be prescribed.

(9) The Administrator may refuse the renewal of a certificate of registration if during the period of twelve months immediately preceding the date of expiry of such certificate, the owner of the premises concerned has been convicted on not less than three separate occasions of one or more contraventions of this Ordinance.

(10) Every holder of a certificate of registration shall brand in the prescribed manner any dairy produce or dairy produce substitute which has been produced, processed or manufactured on the premises to which such certificate relates and any package containing such product.

29. (1) No person shall operate a collection depot for the collection of milk, cream, fresh milk or farm casein from milk producers, unless he has the written permission of the Board.

(2) The Board may give written permission for the operation of a collection depot on such conditions as the Board may determine and subject to such requirements as it may prescribe, or it may refuse such permission.

(3) No premises shall be used as a collection depot for milk, cream, fresh milk, fresh cream or casein unless they comply with such requirements as may be prescribed by regulation.

30. (1) The Senior Dairy Officer shall allot to all premises registered under section *twenty-eight,* a distinctive registration number in respect of each different dairy product or dairy produce substitute produced, processed or manufactured on such premises.

(2) The owner of such premises shall have the exclusive right to use the registration number so allotted for the purpose of designating the dairy product or dairy produce substitute produced, processed or manufactured on those premises.

(3) The distinctive registration number so allotted in respect of each dairy product or dairy produce substitute produced, processed or manufactured on such premises shall appear on each and every package or container containing such product and where the Board so directs also on the product itself.

31. (1) No person shall sell the lacteal secretion of any mammal other than a cow without the written permission of the Board.

(2) No person shall sell any product made from the lacteal secretion of any mammal other than a cow without the written permission of the Board.

(3) The Board may give written permission for the sale of the lacteal secretion of any mammal other than a cow or any product made from such lacteal secretion on such conditions as the Board may determine and subject to such requirements as the Board may prescribe, or it may refuse such permission.

32. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, no milk producer shall sell —

(a) any milk other than the fresh, clean and unaltered product obtained by the milking of one or more healthy cows; or

(b) milk obtained within two weeks before or one week after calving or such longer period as may be necessary to render the milk free of colostrum; or

(c) milk which clots on boiling; or

(d) milk which contains foreign matter such as any preservative or anti-biotic which may have an adverse effect on any manufacturing process or which may be deleterious to the health of consumers of such milk; or

vereistes van hierdie ordonnansie ten opsigte van sodanige perseel nagekom is en word.

(8) Aansoek om die hernuwing van 'n registrasiesertifikaat moet geskied binne die tydperk van dertig dae wat die datum van verstryking daarvan onmiddellik voorafgaan en moet vergesel gaan van enige hernuwingsgeld wat moontlik voorgeskryf word.

(9) Die Administrateur kan die hernuwing van 'n registrasiesertifikaat weier as die eienaar van die betrokke perseel gedurende die tydperk van twaalf maande wat die verstrykingsdatum van sodanige sertifikaat onmiddellik voorafgaan, by minstens drie afsonderlike geleenthede skuldig bevind is aan een of meer oortredings van hierdie ordonnansie.

(10) Elke houer van 'n registrasiesertifikaat moet enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat geproduseer, verwerk of vervaardig is op die perseel waarop sodanige sertifikaat betrekking het en enige verpakking wat sodanige produk bevat op die voorgeskrewe wyse merk.

29. (1) Niemand mag 'n versameldepot vir die versameling van melk, room, vars melk of plaaskaseïen van melkprodusente dryf nie, tensy hy die skriftelike toestemming van die raad verkry het.

(2) Die raad kan skriftelike toestemming vir die dryf van 'n versameldepot gee op die voorwaardes wat hy bepaal en onderhewig aan die vereistes wat hy stel, of hy kan sodanige toestemming weier.

(3) Geen perseel mag as 'n versameldepot vir melk, room, vars melk, vars room of kaseïen gebruik word nie, tensy sodanige perseel voldoen aan die vereistes wat moontlik by regulasie voorgeskryf word.

30. (1) Die senior suiwelbeampte ken aan alle persele wat ingevolge artikel *agt-en-twintig* geregistreer is, 'n onderskeidende registrasienommer toe ten opsigte van elke verskillende suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat op sodanige perseel geproduseer, verwerk of vervaardig word.

(2) Die eienaar van so 'n perseel het die uitsluitlike reg om die aldus toegekende registrasienommer te gebruik om die suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat op daardie perseel geproduseer, verwerk of vervaardig word, aan te dui.

(3) Die onderskeidende registrasienommer aldus toegeken ten opsigte van elke suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat op sodanige perseel geproduseer, verwerk of vervaardig word, moet verskyn op elk en iedere verpakking of houer wat sodanige produk bevat, en, waar die raad dit gelas, ook op die produk self.

31. (1) Niemand mag die melkafskeiding van enige soogdier buiten 'n koei sonder die skriftelike toestemming van die raad verkoop nie.

(2) Niemand mag enige produk gemaak uit die melkafskeiding van 'n soogdier buiten 'n koei sonder die skriftelike toestemming van die raad verkoop nie.

(3) Die raad kan skriftelike toestemming gee vir die verkoop van die melkafskeiding van enige soogdier buiten 'n koei of van enige produk gemaak uit sodanige melkafskeiding op die voorwaardes wat die raad bepaal en onderhewig aan die vereistes wat die raad stel, of hy kan sodanige toestemming weier.

32. (1) Nieteenstaande andersluidende bepalings in hierdie ordonnansie mag geen melkprodusent die volgende verkoop nie —

(a) enige melk buiten die vars, skoon en onveranderde produk verkry deur een of meer gesonde koeie te melk; of

(b) melk wat verkry is binne twee weke voordat, of binne een week nadat die koei gekalf het of binne sodanige langer tydperk soos nodig is om die melk vry van kolostrum te maak; of

(c) melk wat stol wanneer dit kook; of

(d) melk wat vreemde stof bevat soos enige bederfwerende middel of antibiotikum wat 'n ongunstige uitwerking kan hê op enige vervaardigingsproses of wat die gesondheid van verbruikers van sodanige melk kan benadeel; of

(e) milk which through any other defect is unsuitable for the purpose of manufacturing any dairy product; or

(f) any milk which has been drawn from a cow within seventy-two hours after such cow has been treated with any anti-biotic; or

(g) any milk product derived from milk the sale of which is prohibited in terms of paragraph (a), (b), (c), (d), (e) or (f).

(2) No person shall sell any milk containing less than 3 per cent fat or less than 8.5 per cent solids-non-fat without the written permission of the Board.

(3) The Board may give written permission for the sale of milk containing less than 3 per cent fat or less than 8.5 per cent solids-non-fat on such conditions as the Board may determine and subject to such requirements as the Board may prescribe, or it may refuse such permission.

33. (1) No person shall standardise milk without the written permission of the Board.

(2) No person shall sell standardised milk or partly skimmed milk or skimmed milk without the written permission of the Board.

(3) The Board may give written permission to a dairy products manufacturer or a dairy produce substitute manufacturer to standardise milk on such conditions as the Board may determine and subject to such requirements as the Board may prescribe, or it may refuse such permission.

(4) The Board may give written permission for the sale of standardised milk or partly skimmed milk or skimmed milk, on such conditions as the Board may determine and subject to such requirements as the Board may prescribe, or it may refuse such permission.

34. (1) No person shall sell —

(a) any class or type of dairy product which does not conform to the requirements of this Ordinance in respect of that class or type of dairy product;

(b) any class or type of dairy product for which grades have been prescribed, unless such product has been graded in accordance with such grades in the manner prescribed;

(c) for human consumption any dairy product condemned by an inspector as unfit for human consumption;

(d) any milk or any milk product derived from any milk which has been drawn from a cow which is known or suspected of being diseased;

(e) for human consumption any dairy product which has been kept or stored under conditions, or been handled in a manner, which has rendered it unfit for human consumption;

(f) any dairy product or dairy produce substitute which to his knowledge was illegally produced, processed or manufactured in or imported into the Territory;

(g) butter otherwise than in an enclosed package; or

(h) farm butter unless the package wherein it is contained is branded in the prescribed manner;

(i) adulterated milk;

(j) as milk, milk to which any substance has been added or from which any part of or any of its constituents has been removed, unless it complies with the provisions of section *thirty-three*.

(2) For the purposes of sub-section (1), a person shall be presumed to be in possession for purposes of sale of a dairy product or a dairy produce substitute if such product is stored or kept on his premises or elsewhere on his behalf, or has been or is in the course of being despatched from his possession or premises, whether on sale or otherwise, and the onus shall be on such person to prove that such dairy product or dairy produce substitute is not intended for sale.

35. (1) No person may use any preservative in any dairy product or dairy produce substitute, unless such preservative has been approved of in writing by the Board.

(e) melk wat weens enige ander gebrek ongeskik is vir die vervaardiging van enige suiwelproduk; of

(f) enige melk wat verkry is van 'n koei binne twee-en-sewentig uur nadat sodanige koei met enige antibiotikum behandel is; of

(g) enige melkproduk verkry uit melk waarvan die verkoop kragtens paragrawe (a), (b), (c), (d), (e) of (f) verbode is.

(2) Niemand mag enige melk wat minder as 3 persent vet of minder as 8.5 persent nie-vethoudende soliede bestanddele bevat sonder die skriftelike goedkeuring van die raad verkoop nie.

(3) Die raad kan skriftelike toestemming gee vir die verkoop van melk wat minder as 3 persent vet of minder as 8.5 persent nie-vethoudende soliede bestanddele bevat op die voorwaardes wat die raad stel en onderhewig aan die vereistes wat die raad voorskryf, of die raad kan sodanige toestemming weier.

33. (1) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die raad melk standaardiseer nie.

(2) Niemand mag sonder die skriftelike toestemming van die raad gestandaardiseerde melk of gedeeltelik afgeroomde melk of afgeroomde melk verkoop nie.

(3) Die raad kan skriftelike toestemming aan 'n vervaardiger van suiwelprodukte of 'n vervaardiger van suiwelsurrogate gee om melk te standaardiseer op die voorwaardes wat die raad stel en onderhewig aan die vereistes wat die raad voorskryf, of die raad kan sodanige toestemming weier.

(4) Die raad kan skriftelike toestemming gee vir die verkoop van gestandaardiseerde melk of gedeeltelik afgeroomde melk of afgeroomde melk op die voorwaardes wat die raad stel en onderhewig aan die vereistes wat die raad voorskryf, of die raad kan sodanige toestemming weier.

34. (1) Niemand mag —

(a) enige klas of tipe suiwelproduk wat nie aan die vereistes van hierdie ordonnansie ten opsigte van daardie klas of tipe suiwelproduk voldoen nie, verkoop nie;

(b) enige klas of tipe suiwelproduk waarvoor grade voorgeskryf is, verkoop nie, tensy sodanige produk op die voorgeskrewe wyse volgens sodanige grade gegradeer is;

(c) enige suiwelproduk wat deur 'n inspekteur as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur is, vir menslike verbruik verkoop nie;

(d) enige melk of enige suiwelproduk wat van melk verkry is van 'n koei wat na wete of vermoede siek is, verkoop nie;

(e) enige suiwelproduk wat gehou of opgeberg is onder toestande, of gehanteer is op 'n wyse, wat dit ongeskik maak vir menslike verbruik, vir menslike verbruik verkoop nie;

(f) enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat na sy wete onwettig geproduseer, verwerk of vervaardig is in, of ingevoer is in, die Gebied verkoop nie;

(g) botter verkoop buiten in 'n geslote verpakking nie; of

(h) plaasbotter verkoop nie, tensy die verpakking wat dit bevat op die voorgeskrewe wyse gemerk is;

(i) vervalste melk verkoop nie;

(j) melk waarby enige stof gevoeg is of waarvan enige deel van, of enige van sy bestanddele, verwyder is, as melk verkoop nie, tensy dit aan die bepalings van artikel *drie-en-dertig* voldoen.

(2) By die toepassing van subartikel (1) word daar vermoed dat iemand in besit is van 'n suiwelproduk of 'n suiwelsurrogaat vir doeleindes van verkoop as dit op sy perseel of elders ten behoewe van hom opgeberg of gehou word, of uit sy besit of van sy perseel, hetsy na verkoop of andersins, versend is of versend word, en die bewyslas om te bewys dat sodanige suiwelproduk of suiwelsurrogaat nie vir verkoop bestem is nie, rus op so iemand.

35. (1) Niemand mag enige bederfwerende middel in 'n suiwelproduk of suiwelsurrogaat gebruik nie, tensy die raad sodanige bederfwerende middel skriftelik goedgekeur het.

(2) The Board may give written permission to any person to use any preservative specified in such permission on such conditions as the Board may determine and subject to such requirements as the Board may prescribe, or it may refuse such permission.

36. (1) No person shall sell any dairy product or dairy produce substitute which has been produced, processed or manufactured outside the Territory and which is contained in a wrapper, package or container and is not in bulk, otherwise than in the same wrapper, package or container in which it was imported.

(2) No person shall sell any dairy product or dairy produce substitute which was imported into the Territory, if it is contained in a wrapper, package, or container bearing a brand, mark or name under which any dairy product or dairy produce substitute produced, processed or manufactured in the Territory is commonly sold, or which is calculated to induce any person to believe that such dairy product or dairy produce substitute was produced, processed or manufactured in the Territory.

(3) No person shall sell any dairy product or dairy produce substitute, which was produced, processed or manufactured in any place outside the Territory, unless the name of the country of origin is clearly branded upon every wrapper, package or container containing such product and, if the Board so directs, upon the product itself.

(4) No person shall sell any dairy product produced, processed or manufactured outside a dairy products factory registered in terms of this Ordinance, if upon such dairy product or upon any wrapper or other package in which it is contained, or upon any label attached to such product or wrapper or package, there appear words or marks stating or implying that such dairy product has been produced, processed or manufactured in a dairy products factory so registered.

37. (1) No person shall place upon any dairy product or dairy produce substitute or any wrapper, package or container containing a dairy product or a dairy produce substitute, any incorrect mark or description or information as to the nature, type, grade, quality or weight of such product or the place where, the time when, or the person by whom it was produced, processed or manufactured, or any information or representation which is misleading in any way whatsoever.

(2) No person shall sell any dairy product or dairy produce substitute or any wrapper, package or container containing a dairy product or dairy produce substitute, which to his knowledge bears any incorrect mark or description or information as to the nature, type, grade, quality or weight of such product or the place where, the time when, or the person by whom it was produced, processed or manufactured, or any other information or representation which is misleading in any way whatsoever.

38. (1) The Administrator may, on the recommendation of the Board by proclamation in the *Official Gazette*, declare that no person shall place upon any dairy product or dairy produce substitute specified in such proclamation produced, processed or manufactured in the Territory or sold in the Territory, or upon any wrapper, package or container containing such dairy product or dairy produce substitute, any brand, mark, code, number, design, information or description of any kind unless such brand, mark, code number, design, information or description has been approved by the Board.

(2) The Administrator may, on the recommendation of the Board, by proclamation in the *Official Gazette*, declare that no person shall export from the Territory, and no person shall import into the Territory, any dairy product or dairy produce substitute specified in such proclamation unless any brand, mark, code, number, design, information or description appearing on such product or any wrapper, package or container containing such product has been approved by the Board.

(3) The Board may in respect of any dairy product or dairy product substitute specified in any proclamation issued in terms of sub-sections (1) and (2) give written

(2) Die raad kan enigiemand skriftelik toestemming gee om enige bederfwerende middel wat in sodanige toestemming genoem word, te gebruik op die voorwaardes wat die raad stel en onderhewig aan die vereistes wat die raad voorskryf, of die raad kan sodanige toestemming weier.

36. (1) Niemand mag enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat buite die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is en wat in 'n omslag, verpakking of houer bevat is en nie in massa is nie, verkoop nie, tensy dit in dieselfde omslag, verpakking of houer is waarin dit ingevoer is.

(2) Niemand mag enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat in die Gebied ingevoer is, verkoop nie as dit bevat is in 'n omslag, verpakking, of houer waarop 'n handels- of ander merk of naam voorkom, waaronder enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat in die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is, gewoonlik verkoop word nie, of wat bereken is om iemand oor te haal om aan te neem dat sodanige suiwelproduk of suiwelsurrogaat in die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is.

(3) Niemand mag enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat op enige plek buite die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is, verkoop nie, tensy die naam van die land van oorsprong duidelik op elke omslag, verpakking of houer wat sodanige produk bevat, en, as die raad dit gelas, op die produk self gemerk is.

(4) Niemand mag enige suiwelproduk wat buite 'n suiwelfabriek geregistreer ingevolge hierdie ordonnansie, geproduseer, verwerk of vervaardig is, verkoop nie as daar op sodanige suiwelproduk of op die omslag of ander verpakking wat dit bevat of op 'n etiket wat aan so 'n produk of omslag of verpakking geheg is, woorde of merke voorkom wat verklaar of te kenne gee dat sodanige suiwelproduk in 'n aldus geregistreerde suiwelfabriek geproduseer, verwerk of vervaardig is.

37. (1) Niemand mag op enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat of op enige omslag, verpakking of houer wat 'n suiwelproduk of suiwelsurrogaat bevat enige onjuiste merk of beskrywing of inligting aanbring oor die aard, tipe, graad, gehalte of gewig van sodanige produk of die plek waar, die tyd wanneer, of die persoon deur wie dit geproduseer, verwerk of vervaardig is nie, nòg enige inligting of voorstelling wat op enige wyse hoegenaamd misleidend is nie.

(2) Niemand mag enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat of enige omslag, verpakking of houer wat 'n suiwelproduk of suiwelsurrogaat bevat, verkoop nie, wat na sy wete 'n onjuiste merk of beskrywing of inligting oor die aard, tipe, graad, gehalte of gewig van sodanige produk of die plek waar, of die tyd wanneer, of die persoon deur wie dit geproduseer, verwerk of vervaardig is, of enige ander inligting of voorstelling wat op enige wyse hoegenaamd misleidend is, dra nie.

38. (1) Die Administrateur kan op aanbeveling van die raad by proklamasie in die *Offisiële Koerant* verklaar dat niemand op enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat in sodanige proklamasie genoem word en wat in die Gebied geproduseer, verwerk of vervaardig is, of wat in die Gebied verkoop word, of op enige omslag, verpakking of houer wat sodanige suiwelproduk of suiwelsurrogaat bevat enige handels- of ander merk, kode, nommer, ontwerp, inligting of beskrywing hoegenaamd mag aanbring nie, tensy sodanige handels- of ander merk, kode, nommer, ontwerp, inligting of beskrywing deur die raad goedgekeur is.

(2) Die Administrateur kan op aanbeveling van die raad by proklamasie in die *Offisiële Koerant* verklaar dat niemand enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat wat in sodanige proklamasie genoem word uit die Gebied mag uitvoer nie en niemand dit in die Gebied mag invoer nie, tensy die handels- of ander merk, kode, nommer, ontwerp, inligting of beskrywing wat op sodanige produk of op enige omslag, verpakking of houer wat sodanige produk bevat voorkom, deur die raad goedgekeur is.

(3) Die raad kan ten opsigte van enige suiwelproduk of suiwelsurrogaat genoem in enige proklamasie uitgevaardig ingevolge subartikels (1) en (2) skriftelike goedkeuring verleen van enige handels- of ander merk, kode,

approval of any brand, mark, code, number, design, information or description placed upon or appearing on any such product or on any wrapper, package or container containing such product, or it may refuse such approval.

39. The Administrator may, on the recommendation of the Board, by proclamation in the *Official Gazette*, declare as either a hard-pressed cheese or a soft cheese or a cottage cheese, as the case may be, any cheese of whatever type or make or brand or name which in the opinion of the Board complies with the definition of either hard-pressed cheese, soft cheese or cottage cheese, as the case may be, in this Ordinance.

40. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Ordinance, no product other than margarine shall be considered a dairy produce substitute for the purpose of this Ordinance unless such product has been declared a dairy produce substitute in terms of sub-section (2).

(2) The Administrator may, on the recommendation of the Board, by proclammation in the *Official Gazette* declare as a dairy produce substitute any product which complies with the definition of a dairy produce substitute in this Ordinance.

(3) The Administrator may, on the recommendation of the Board, by proclamation in the *Official Gazette* declare as a dairy product the lacteal secretion of any mammal or any product derived from the lacteal secretion of any mammal.

41. (1) No person shall —

(a) manufacture or sell margarine which does not as regards its composition, consistency or flavour, or as regards the manner of packing or marking thereof, conform to the requirements prescribed;
(b) sell as margarine or under a name or description whereof the word "margarine" or "margarien" forms a part, any substance which does not conform to the said requirements;
(c) manufacture or sell or import into the Territory margarine whereof the colour, measured in terms of the Lovibond comparator scale, contains more than one degree of yellow or of yellow and red collectively;
(d) import margarine into the Territory, except in so far as the importation thereof has been authorized in the manner prescribed, or otherwise than subject to the conditions upon which such importation has been so authorized;
(e) sell or deliver to any person any colouring substance intended to be added to or mixed with margarine;
(f) if he sells foodstuffs or supplies the same to any other person in the course of his business, add to or mix with margarine, or cause or permit to be added thereto or mixed therewith, any butter or any colouring substances; or
(g) manufacture margarine on the same premises as those on which butter or any process butter is manufactured.

(2) The Administrator may, on the recommendation of the Board, by notice in the *Official Gazette*, prohibit the importation of margarine into the Territory.

(3) Subject to the provisions of any notice issued in terms of sub-section (2), no person shall import margarine into the Territory except under the authority of a permit issued by the Board, or otherwise than subject to the conditions specified in such permit, and the Board may refuse or grant any such permit, having regard to the protection of the dairy industry as a whole or any part of such industry.

